

Om deel aan Christus se verlossing te hê

Teks: Johannes 13: 1 - 17

Teksvers: Johannes 13: 8

1. Inleiding

Wanneer ons vandag om ons kyk is hulpbronne om sekere take te verrig skaars. Twee van hierdie hulpbronne is natuurlik tyd en fondse. En ons weet hoe die sakewêreld daarbuite poog om juis hierdie twee hulpbronne so effektief as moontlik te probeer gebruik. Om hierdie rede sal ons nie vandag sien hoe 'n hoof uitvoerendebeampte vloere skoonmaak, of vir die personeel koffie maak nie. Want sy vaardighede en uurlikse tarief kan natuurlik nie gemors word op hierdie dinge wat meeste ander persone maklik kan verrig nie.

Maar ontmoet die Here Jesus Christus, die enigste en ewige ware hoof van die kerk. En kom ontmoet hom vanaand waar Hy in ons teksgedeelte besig is om die werk van die laagste of eenvoudigste slaaf in 'n antieke huishouding te verrig. Hy is besig om die stof van Sy volgelinge se voete af te was voor hulle die maaltyd gaan nuttig. Hierdie maaltyd is dan daardie spesifieke paasmaal waar die nagmaal ook ingestel gaan word. Dit is ook in die besonder wat ons vanaand met hierdie nagmaalserediens gedenk.

Hierdie vooraf handeling tot die maaltyd word dan ook deur Christus gebruik om onderrig te gee. En die fokus van die onderrig lê dan in 'n deel van die groter geheel wees. Dit is natuurlik ook 'n gedagte wat verder met die elemente van die nagmaal uitgebou sou word. Maar in ons teksgedeelte is die fokus eers om die reiniging sodat daar deelgeneem kan word aan die maaltyd. Maar meeste van ons was en reinig onself tog elke dag, is dit nodig dat die Hoof van die kerk dit vir ons kom doen? Kom luister wat antwoord Jesus Paulus hieroor.

Nagmaal Preek

2. 'n Omgekeerde wêreld

Ons skrifgedeelte vanaand is 'n baie bekende teksgedeelte. Tog verander die gewildheid van die teksgedeelte nie iets aan die vreemdheid daarvan nie. Want selfs in 'n moderne wêreld sou hierdie optrede van die Here Jesus vreemd gewees het. Ja, selfs vandag sal ons nie kan verstaan waarom die leier van 'n beweging, skielik die mees geringste aksie uitvoer nie. Miskien het hierdie gedeelte ook al so bietjie betekenis verloor, omdat mense juis onsensitief vir die konteks, ander mense se voete gaan was het.

Maar wat ons teksgedeelte gebeur is nie 'n oordrewe nederigheid, waarop trots geroem wil word nie. Dit is ook nie 'n vredesaanbod na 'n jarelange vete beëindig is nie. Nee, in ons teksgedeelte begin Christus om die omgekeerde wêreld van die koningryk aan die dissipels te openbaar. Die wêreld waarin die eerstes laaste sal wees en andersom volgens Matteus 19 en 20. Die wêreld waarin God met ander oë na Sy eie mense kyk omdat Hy hulle liefhet volgens vers 1 van ons teksgedeelte.

Dit is in hierdie wêreld waar die leier van die kerk, Hy waarvoor elke knie nog sal buig volgens Fillipense 2:10 afbuik en voete was. Voete van Sy eie mense, ja selfs die voete van Judas wat Hom binnekort gaan verrai. 'n Mens kan argumenteer dat die dissipels self hulle voete kon was, bloot op bevel van die Here. Maar hierdie was het 'n ander betekenis. Die verband met die sakrament van die doop en alles wat dit beteken is baie duidelik. Hierdie was van Christus is simbolies soveel meer as 'n praktiese taak wat afgehandel moet word. Wanneer Petrus dit begrip verander sy standpunt van die weiering om een liggaamsdeel te was na die versoek om heeltemal gewas te word. Petrus besef dat

2026-04-02

1

hier lewe, en toegang tot die wêreld van die koninkryk is, en hy wil dit aangryp met alles wat hy is en het.

3. 'n Leier wat dien

Die kontras tussen die mense in ons teksgedeelte is groot. Ons het aan die een kant die dissipels. Gewone sondaar mense soos ons. Mense wat wens die sonde nie in ewige teenwoordigheid van die Here kan ingaan nie. Tog dink ons as mense anders. Ons dink ons kan maar met vuil voete, vuil van die sonde aansit vir 'n maaltyd met die koning van konings. Die volgende fout ons dikwels maak is om te dink dat ons self kan skoon kom, kan rein kom. Maar 'n mens besluit nie oor en bewerkstellig nie sy eie verlossing nie.

Vir die mens wat dood is in die sonde is dit onmoontlik. Dit is wat Jesus aan Petrus openbaar in vers 8. Jesus leer vir Petrus dat wanneer hy deur iemand anders gewas word, het hy nie deel aan Christus nie. Nee, Christus kom was self Sy eie mense. Ons Here Jesus Christus het Sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie volgens Fillipense 2. Christus kom verneder homself en kom as mens na die aarde.

Maar Christus kom met 'n definitiewe roeping. Hierdie roeping is diens. Hy bedien ons as sondaar mense met Sy genade. Hy kom gee Sy volmaakte lewe as offer vir ons sondes. Hy kom ons deel van Sy verlossingspad maak. Hy was ons skoon, en laat ons aansit by die hemelse tafel, terwyl ons gevoed word met die beste spys en drank.

Dit wat vir ons as mense na 'n gewone niksseggende gebruik lyk, word 'n geloofsaksie wat alles verander. Omdat dit 'n geloofsaksie is wat die Verlosser self uitgevoer word. Christus sal die mense wat Hy liefhet nog verder dien. Hy sal dieselfde aand in ons teksgedeelte onskuldig verhoor word, en ter dood veroordeel word. Dit sal lei tot Sy kruisiging as betaling vir ons sondes.

4. 'n Stukkie wat genoeg is

Ons sien in ons teksgedeelte wanneer Petrus besef dat hierdie geloofshandeling is, wil hy meer daarvan hê. Sy versoek om spesifiek ook sy hande en kop ook te was, moenie figuurlik gesien word as iets wat meer betekenis het nie. Dit gaan meer oor die volledigheid van die liggaam as oor die spesifieke individuele liggaamsdele. Maar dit is ook waar Petrus nog nie verstaan waarom dit gaan nie.

Ons Here Jesus Christus gaan verder met die beeld in Sy geloofshandeling. Hy verwys na iemand wat reeds skoon is en dan later net sy voete hoef te was. Dan verklaar Jesus ook die dissipels almal skoon, met die uitsondering van Judas. Sien die geloofshandeling wat Jesus in terme van die voetwas uitvoer is net die versterking van die geloof, nie die skep van nuwe geloof nie. Uiteindelik is dit juis die verskil wat ons ook sien tussen die sakrament van die doop en die nagmaal. Die doop wat 'n eenmalige sakrament is, teenoor die nagmaal wat ons gereeld gebruik.

Tog is die simboliese aard van 'n kleinstukkie wat genoeg is aanwesig in beide sakramente van die kerk, en ook in ons teksgedeelte vanaand. Die klein bietjie water waarmee ons besprinkel in die doop, en ook die klein stukkie brood en slukkie wyn wat ons nou gaan gebruik in die sakrament van die nagmaal. Petrus moet ook besef dat hierdie geloofsaksie van Christus genoeg is. Want op die einde is dit 'n teken en seël van iets meer. Dit is die teken dat ons in ons hele wese aan Christus behoort. Hy wat nooit 'n leuen vertel het nie, gaan verder en gee hierdie waarborg in iets fisies wat ons met al ons sinne kan ervaar. Dit is die betekenis van die voete was as beeld van die hele liggaam wat weer skoon is. Dit is die teken dat ons ook deel is van die verlossing wat verwerf is.

5. Slot

Ons kan afsluit met 'n terugkeur na die effektiewe gebruik van middele tot ons

beskikking. Natuurlik sou 'n mens uit hierdie oogpunt waterskaarste kon aanvoer. En dan daaruit die effektiewe gebruik om later net weet vuil liggaamsdele te was. 'n Mens sou 'n praktiese argument oor beskikbare geriewe by die maaltyd kom voer. 'n Mens sou selfs die afwesigheid van slawe kon aanvoer. Maar in al hierdie argumente sou die werklike kosbare midde misgekyk word.

Die kosbaarste middel is ons Here Jesus Christus wat teenwoordig is by die nagmaal. Maar selfs nog meer kosbaar is die opoffering wat Hy gaan maak. Christus gaan Sy liggaam gee as volmaakte offer vir al ons sondes. En om Sy dissipels te verseker dat hulle ook deel aan hierdie verlossing gaan hê, buig Hy in nederigheid af en was hulle voete.

Ons teksgedeelte eindig dan met die opdrag om ook mekaar se voete te gaan was. Ons kan nie vir iemand anders se sonde gaan sterf nie, daarvoor is ons self te sondig. Maar ons kan die evangelie gaan verkondig. Ons kan die saad gaan saai wat iemand anders kan laat deel word van die gemeenskap van gelowiges. Dit sal soms nederige diensbaarheid verg, selfs tot op 'n punt wat belaglik lyk vir die wêreld rondom ons. Maar ons is gered en geroep om goeie burgers van die koningryk van God te wees. Kom ons gebruik hierdie nagmaal vanaand terwyl ons terugdink aan die oomblik toe alles vir die mens verander het. Die oomblik van volmaakte verlossing wat aangebreek het, en ons eie voorreg om deel daarvan te wees.

Amen